BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# Bergrede: Beginsels vir Christene

# Deel 3 – Vergelding, Vyande en Jou Reaksie

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**As jy daarmee gemaklik is, vertel jou groep van 'n snaakse gebeurtenis waar jy jou naam weggegooi het (*jou most embarrassing moment*).**

**Hoekom dink jy beleef ons sulke sterk emosies wanneer mense ons sleg sê of sleg behandel? Hoekom is dit belangrik dat ons emosies nie die finale sê in ons besluite moet hê nie?**

**Hoe ervaar jy die BERGREDE reeks sover? Wat ervaar jy is die Here besig om vir jou te leer?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Romeine 12:9-21. Hierdie is 'n gedeelte wat Paulus skryf oor eienskappe wat 'n mens aantref in Christene. Watter van hierdie eienskappe staan vir jou uit? Verduidelik.**

**Lees vers 14-15 saam. As vers 15 terugverwys na die vervolgers van vers 14, hoe dink jy lyk dit prakties in 'n Christen se lewe om saam met hulle bly te wees en te treur? Hoe maklik dink jy is dit om hierdie opdrag uit te leef?**

**Lees weer vers 21. Hoe doen 'n mens hierdie prakties in ons wêreld?**

**Vers 18. Hoe hanteer 'n mens dit as jy alles in jou vermoë gedoen het om die vrede te handhaaf, maar die ander persoon weier? Hoe leef 'n mens dan?**

**Vers 11. Wat vuur jou passie vir die Here aan? Wat moet jy gereeld doen om jou vuur vir die Here sterker te laat brand? Hoekom is dit belangrik om geesdriftig te bly in jou toewyding aan die Here?**

**Hoe voel jy oor die stelling van Jesus in Matteus 5:44 dat ons ons vyande moet liefhê en moet bid vir ons vervolgers? Kan jy name van mense neerskryf wat pas by hierdie beskrywing? Hoe kan jou groep jou ondersteun om vir hulle lief te wees en te bid?**

**Skryf die name neer van mense wat jou te na gekom het en bid elke dag hierdie week vir hulle.**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**